

Bedryf bespreek knelpunte met Didiza

DAAR is baie op die spel ten opsigte van die risiko wat die tekort aan entstowwe vir die rooivleisbedryf inhou. As die nasionale veteriniere strategie (2016 tot 2026) boonop nie toegepas word nie en as daar nie kapasiteit beskikbaar gestel word vir die toepassing van die veteriniere strategie nie, kan dit daartoe lei dat die bedryf nie daarin slaag om die doelwitte ingevolge die meesterplan vir landbouverwerking bereik nie.

Dié is van die punte wat uitgelig is op 'n vergadering tussen me. Thoko Didiza, minister van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, en verteenwoordigers van die nasionale dieregesondheidsforum. Tog was die vergadering opbouend, sê mnr. Gerhard Schutte, voorsitter van die forum.

Didiza het aangedui dat sy die nasionale dieregesondheidsforum as die verteenwoordigende liggaam erken wat oplossings sal oorweeg en die pad vorentoe sal bepaal vir voldoende voorsiening van entstowwe om die nasionale veekuddes te beskerm.

Die vergadering is bygewoon deur verteenwoordigers van Agri SA, die Afrika-boerevereniging van Suid-Afrika (Afasa), verteenwoordigers van die farmaseutiese bedryf, die bestuur van Onderstepoort Biologiese Produkte (OBP), die Landbounavorsingsraad (LNR) se instituut vir veteriniere navorsing op Onderstepoort, en verteenwoordigers van die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling.

Mnr. Mooketsa Ramasodi, direkteur-generaal van die departement, het meer inligting gegee oor die planne wat beraam word om biosekerheid met behulp van verskeie ingrypings op kort, medium en lang termyn te verbeter. Samewerking tussen die departement, belanghebendes in die vleisbedryf, die nege provinsies en die nege provinsiale dieregesondheidsforums sal die grondslag van dié stappe vorm.

RISIKO VIR KUDDE

Die forum het daarop gewys dat die beskikbaarheid van entstowwe wat deur die OBP vervaardig word, 'n risiko vir die nasionale kudde geraak het en die nasionale kudde-immuniteit in gevaar kan stel. Die forum is van mening dat die deurlopende beskikbaarheid van entstowwe dringende aandag moet geniet. Dit is nie net voedselsekerheid en inkomstesekerheid wat hier op die spel is nie. Soönotiese siektes is 'n ernstige bedreiging weens die gebrek aan beskikbaarheid van entstowwe.

Die forum is bekommerd oor die bedrag van R500 miljoen wat geoormerk is vir opgradings by die OBP. Daar is gevra dat die forum op die hoogte gehou sal word van vordering in dié verband.

Die omset van menslike hulpbronne by die OBP is ook 'n bron van kommer. Die dieregesondheidsforum het daarop gewys dat daar 'n balans behoort te wees tussen uitvoer en die produksie van entstowwe vir die plaaslike mark.

'n Ander bekommernis vir die forum is die feit dat daar nie net op die OBP staatgemaak kan word wanneer dit kom by die voorsiening van sekere strategiese entstowwe nie. Private ondernemings moet dus 'n groter rol speel om die risiko te verklein.

Aanbevelings ten opsigte van die beskikbaarheid van entstowwe wat by OBP gemaak is, is dat die registrasie van entstowwe wat reeds aan die Wet op Mistowwe, Veevoere, Landboumiddels en Veemiddels (Wet 36 van 1947) voldoen, versnel moet word. Die forum het voorgestel dat noodregistrasies ingevolge die Wet op Medisyne en Verwante Stowwe (Wet 101 van 1965), Wet 36 en die Wet op Dieresiektes (Wet 35 van 1984) oorweeg behoort te word. Verder is die uitruil van intellektuele eiendom in die nasionale belang en dit moet dringend ondersoek word.

INSTITUUT VIR VETERINÊRE NAVORSING

Suid-Afrika het in 2020 sy status as vry van bek-en-klouseer by die internasionale organisasie vir dieregesondheid (OIE) verloor. Dit is nou heelwat later. Nóg 'n uitbreking het intussen in KwaZulu-Natal voorgekom. Volgens die forum is dit 'n groot risiko dat Suid-Afrika 'n entstof van Botswana gebruik.

Die forum is van mening dat die LNR die proses om 'n bek-en-klouseer-entstof te vervaardig, moet versnel sodat die land sy eie entstowwe vir plaaslike stamme kan hê. Kommer is ook

uitgespreek oor die geld wat aan die LNR beskikbaar gestel is om dié entstowwe te vervaardig. Die rooivleisbedryf wil terugvoering oor die vordering van die ontwikkeling van die aanleg hê.

SAMEVATTING

In sy samevatting het Schutte gesê dit is uiters belangrik dat die veteriniere strategie ingestel word. Daar is 'n behoefte aan meer kapasiteit en bykomende hulpbronne om dit te doen. "Die huidige stand van sake kan nie voortduur nie en dit is noodsaaklik dat baie spesifieke ingrypings tans gedoen word."

Dit is vir die rooivleisbedryf baie belangrik om die OIE se status as vry van bek-en-klouseer te herwin. Die bedryf stem saam dat 'n vennootskap tussen die openbare en private sektor onontbeerlik is om dié mikpunte te bereik.

Didiza het erken daar is probleme en dat dit op kort, medium en lang termyn kollektief opgelos moet word.

Die forum het 'n werkgroep saamgestel wat binnekort met die direkteur-generaal van die departement in gesprek sal tree.

Daar is saamgestem dat die risiko van die nie-beskikbaarheid van entstowwe beperk moet word. Daarom moet daar gekonsentreer word op die voorstelle wat insake die beskikbaarheid van produkte gemaak is. Dit sluit in die noodregistrasie van entstowwe, die beskikbaarstelling van intellektuele eiendom en om private ondernemings te betrek by die behaling van die mikpunte. **LBW**



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF.

RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. 012 349 1102

E-POS: rpo@lantic.net | WEBWERF: www.rpo.co.za